

ENKELE GRONDSTELLINGE VAN DIE

OPVOEDKUNDIGE SOSIOLOGIE

Verhandeling

voorgelê ter verkryging van die graad

M A G I S T E R A R T I U M

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

(DEPARTEMENT SOSIOLOGIE)

deur

CORNELIUS JACOBUS OBERHOLZER

Leier: Dr. J.P. van der Walt

POTCHEFSTROOM

Oktober 1960

Opgedra aan my vrou en dogter

INHOUDSCPGAWE

	Bladsye
Voorwoord	(vii)
Inleiding	1
HOOFSTUK I	4
<u>Die opkoms van die moderne Opvoedkundige Sosiologie.</u>	4
1. Inleiding	4
2. Die samhang en verband tussen die sosiale wetenskappe	5
3. Onderskeiding tussen die sosiale wetenskappe....	9
4. Die onderskeiding tussen die Sosiologie en die Sosiale vakwetenskappe	12
5. Die Opvoedkundige Sosiologie.....	17
a) 'n Kort historiese oorsig van die ontstaan van die Opvoedkundige Sosiologie en enkele grondstellinge.....	18
(i) Die ontstaan van die Opvoedkundige Sosiologie in Frankryk en enkele grondstellinge...	18
(ii) Die Opvoedkundige Sosiologie van Amerika en enkele grondstellinge.....	19
(iii) Die Opvoedkundige Sosiologie van Engeland en enkele grondstellinge.....	22
a) Definisies en omskrywinge volgens die moderne gangbare opvatting oor die studieterrein van die Opvoedkundige Sosiologie.....	24
b) 'n Kort analise van die definisies en omskrywinge van die Opvoedkundige Sosiologie.....	30
c) Samevatting en eie opvatting.....	31

HOOFSTUK II	33
<u>Enkele grondstellinge uit die algemene sosiologie-</u> <u>se beskouing oor opvoeding en die samelewing.....</u>	33
1. <u>Die universaliteit van die pedagogiese</u> <u>werkzaamheid en roeping.....</u>	33
A. Die ruimere sosiologiese opvatting van onderwys en opvoeding.....	33
(a) Definisies en omskrywinge.....	33
(b) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit hier- die definisies en omskrywinge.....	34
(c) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die ruimere sosiologiese opvatting oor die onder- wys en opvoeding.....	35
B. Die engere opvatting van die onderwys en op- voeding in die skool.....	37
C. Samevatting en eie opvatting.....	37
2. <u>Universaliteit van die pedagogiese werkzaam-</u> <u>heid en die sosiale proses van samewerking.....</u>	39
Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die so- siale proses van samewerking en opvoeding.....	39
3. <u>Universaliteit van die pedagogiese werkzaam-</u> <u>heid en die sosiale proses van wisselwerking...</u>	41
Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die so- siale proses van wisselwerking en opvoeding.....	41
4. <u>Universaliteit van die pedagogiese werkzaam-</u> <u>heid en die sosiale proses van verandering.....</u>	43
Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die so- siale proses van verandering en opvoeding.....	45

5.	<u>Universaliteit van die pedagogiese werksaam- heid en die sosiale proses van kultuuroor- drag.....</u>	45
	i) Sosiologie en kultuuroordrag.....	46
	ii) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die sosiale proses van kultuuroordrag by die op- voeding.....	48
6.	<u>Universaliteit van die pedagogiese werksaam- heid en die sosiale proses tot die vorming van 'n kultuurpatroon....</u>	49
	i) Wat is 'n kultuurpatroon?.....	49
	ii) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit die kultuurpatroon en opvoeding.....	52
7.	<u>Universaliteit van die pedagogiese werksaam- heid en die sosiale prosesse van beheer en beplanning.....</u>	53
	i) Wat is sosiale beheer in die opvoeding?.....	53
	ii) Enkele grondstellinge voortvloeiende uit sosiale beheer en beplanning van die op- voeding.....	55
8.	Samevatting en eie opvatting.....	56
	HOOFSTUK III.....	58
	<u>Enkele grondstellinge i.v.m. die opvoeding en onder- wys in die verskillende samelewingsvorme.....</u>	58
A.	<u>'n Kort analise van die huisgesin as samelewings- vorm, om sy bydrae tot die opvoeding van die kind aan te toon.....</u>	58
1.	Definisies en omskrywinge van die huisgesin.....	58
2.	Samevatting van definisies en omskrywinge van die huisgesin.....	63

3.	Enkele grondstellinge i.v.m. die gesins- opvoeding.....	63
B.	<u>'n Kort analise van die sigbare kerk as same- lewingsvorm om sy bydrae tot die opvoeding van die kind aan te toon.....</u>	63
1.	Definisies en omskrywinge van die sigbare kerk as samelewingsvorm.....	63
2.	Samevatting van definisies en omskrywinge van die sigbare kerk as samelewingsvorm.....	65
3.	Die betekenis van die kerkgemeenskap vir ge- lowige kinderopvoeding.....	67
4.	Enkele grondstellinge uit die kerklike opvoeding.	69
C.	<u>'n Kort analise van die staat as samelewings- vorm om sy bydrae tot die opvoeding van die kind aan te toon.....</u>	71
1.	Definisies en omskrywinge van die staat.....	71
2.	Die bydrae van die staat as samelewingsvorm in opvoedkundige sin.....	75
3.	Enkele grondstellinge oor die staatkundige opvoeding.....	76
D.	Samevattende beskouing ocr die grondstellinge t.o.v. die verhouding (a) tussen skool: gesin, kerk en staat en (b) tussen die skool, die gesin, kerk en staat.....	77
(a)	Die verhouding tussen die skool: gesin, kerk en die staat.....	77
1.	Inleiding.....	77
2.	Uiteensetting van (a).....	78
1)	Enkele grondstellinge t.o.v. die verhouding tussen die huisgesin en die skool.....	78

2. Enkele grondstellinge t.o.v. die verhouding tussen die skool en die kerk.....	78
3. Enkele grondstellinge t.o.v. die verhouding tussen die skool en die staat.....	79
(b) Enkele grondstellinge t.o.v. die samevattende verhoudinge tussen die skool, die gesin, die kerk en die staat.....	81
HOOFSUK IV.....	82
<u>Enkele grondstellinge oor die skool in sy wisselwerking en vervlegting met die menslike samelewing.....</u>	82
1. Inleiding.....	82
2. Die struktuuranalise van die skool as samelewingsvorm.....	83
i) Die bestemming van die skool as samelewingsvorm.....	83
ii) Die bestemming van die skool bepaal sy taak en roeping.....	84
iii) Die funderingsfunksie van die skool.....	86
iv) Die onverbreeklike samehang tussen die bestemming en die funderingsfunksie van die skool....	86
v) Die kind- en mensbeskouing van die onderwys....	87
a) Die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing.....	87
b) Die Calvinistiese basis van die opvoedingsbeskouing.....	88
vi) Die opvoedingsdoel.....	89
vii) Die inhoud van die leerstof.....	90
viii) Metode en Tug.....	96
ix) Enkele grondstellinge i.v.m. die organisasie en administrasie deur die skoolonderwys en opvoeding.....	99

3. 'n Tentatiewe leergang vir die Opvoedkundige Sosiologie by die opleiding van onderwysers.....	104
4. Samevatting en eie opvatting oor enkele grond- stellinge i.v.m. die skool in sy wisselwerking met die samelewing en kultuur.....	107
HOOFSTUK V.....	109
<u>Enkele grondstellinge oor die faktor van gesag as die fundamentele by die opvoeding.....</u>	109
1. Inleiding.....	109
2. Enkele grondstellinge wat voortspruit uit sekere faktore wat verantwoordelik is vir die verander- de houding teenoor gesag.....	112
3. Enkele grondstellinge t.o.v. gesag in die huis- gesin.....	113
4. Enkele grondstellinge i.v.m. die gesag van die kerk as sigbare samelewingsvorm.....	116
5. Enkele grondstellinge i.v.m. die gesag van die staat.....	118
6. Enkele grondstellinge i.v.m. die gesag van die skool.....	119
a. Die amptelike gesag van die onderwyser.....	121
b. Die gesag van die skoolhoof.....	123
c. Enkele grondstellinge t.o.v. die gesag by die laerskoolonderwyserskorps.....	125
d. Slot.....	126
HOOFSTUK VI.....	127
Samevattende slotbeskouing	127
Bibliografie.....	131

V O O R W O O R D

Die doel van hierdie verhandeling is aan die hand van die behandeling van enkele grondstellinge van die Opvoedkundige Sosiologie, die noodsaaklikheid van hierdie vak by die opleiding van onderwysers te beklemtoon.

Ek voel hierdie leemte in die opleiding van onderwysers veral in 'n tydperk waarin die behoeftes en eise van 'n voortdurend veranderende menslike samelewing sterk op die voorgrond tree en sy invloed deeglik laat geld op die onderwys en opvoeding van die skool.

Die onderwys en opvoeding van die skool is 'n brug tussen die huisgesin en die menslike samelewing.

Ek pleit ernstig vir die invoering van 'n kursus in die Opvoedkundige Sosiologie by die opleiding van onderwysers in die raam van die Teoretiese Opvoedkunde.

Dit is verblydend dat 'n vernuwing in die onderwys ingetree het, veral o.a. deur middel van die Sosiale Studies. Laasgenoemde kan volgens my nie tot sy volheid kom sonder die noodsaaklike ondergrond van die Opvoedkundige Sosiologie nie. Die toestand is op die oomblik soos 'n huis waarvan die dak opgesit word sonder die fondament.

Langs hierdie weg wil ek my innige dank uitspreek en diepe waardering betoon jeens dr. J.P. van der Walt as my leier by die opstel van hierdie verhandeling.

Verder ook my besondere dank aan professor dr. D.C.S. du Preez as hoof van die Departement Sosiologie vir wat hy gedoen het vir my voor- en nagraadse sosiologiese vorming.

Aan beide genoemde hooggeleerdes, verbonde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, my dank vir die leiding in verband met die Calvinistiese opvatting van die Sosiologie as struktuurwetenskap van die menslike samelewing.

Die resultaat van die onvermoede ywer en wetenskaplike bekwaamheid van dr. Van der Walt is hierdie voltoëde verhandeling.

Mag dit getuie wees van die feit dat hy nie tevergeefs gearbei het nie en van sy intense belangstelling in die probleem.

Verder ook my innige dank aan my vrou en dogter vir hulle geduld en die inspirasie wat van hulle uitgegaan het in hierdie verband.

Boweal dank aan God Drie-enig, wat my begenadig het om hierdie verhandeling tot Sy eer te kan voltooi.

INLEIDING.

Die probleem wat in hierdie verhandeling ondersoek is, handel in breë trekke oor „Enkele grondstellinge van die Opvoedkundige Sosiologie.“

'n Kort omskrywing is nodig om aan te dui wat onder „grondstellinge“ soos in die bogenoemde titel verstaan word.

Die begrip „grondstellinge“ dek die strekking en is 'n duidelike weergawe van die omvang van hierdie verhandeling omdat enkele grondtrekke daarvan behandel word. Daar moet dus duidelik onderskei word tussen grondvraag of grondvrae omdat die begrip grondvraag eintlik in verband staan met probleme uit die Opvoedkundige Sosiologie.

Die klem val nie op die grondvrae uit die Opvoedkundige Sosiologie nie, maar wel op die grondstellinge wat rigtend en ordenend volgens die algemeen aanvaarde beginsels as grondstellinge van die Opvoedkundige Sosiologie geld.

Die grondvrae daarenteen sentreer rondom die grondstellinge.

Enkele grondstellinge word uit die ondersoek blootgelê. Hieromheen sentreer ook enkele grondvrae as probleemstellinge wat, waar toepaslik behandel word by wyse van toeligting. Dit is egter die uitsondering.

Om tot die bewerking van hierdie probleemstelling te kom, was dit noodsaaklik dat ek as volg te werk moes gaan:

1. Die hele verhandeling staan in verband met die opleiding van onderwysers ¹⁾. Die kwekeling - onderwyser het in die raam van die Teoretiese Opvoedkunde onder andere ook daardie vorming en oriëntering nodig, vir veral die laerskoolonderwys en -opvoeding, wat gerig is op die gemeenskap.

Wat word nou in breë trekke onder 'n laerskool verstaan?

Wanneer in hierdie verhandeling van die skool gepraat

1) Vgl. Mannheim, K.: „Sociology for the Educator and the Sociology of Education, artikel in Sociology and Education.

word, word deurgans die laerskool bedoel. Onder die laerskool word dan die volgende verstaan:

„In die algemeen kan ons die laerskool omskrywe as 'n samelewingsvorm waarheen ouers hulle kinders tussen die ouderdomme van 7 en 13 jaar moet stuur om skoolonderwys en opvoeding te ontvang deur opgeleide onderwysers en onderwyseresse wat hierdie taak tot hulle roeping gekies het.

„Die kinders word meesal ingedeel volgens ouderdomsgroepe in klasse: vanaf graad 1 tot en met standerd 5.

„Dit is die eerste konstante samelewingsvorm wat die kind kragtens skoolpligtigheid vanuit die ouerhuis gedurende vasgestelde tye per dag moet besoek in die proses om hom toe te rus vir 'n eie persoonsroeping.

„Die skool vervul sy taak volgens 'n lewens- en opvoedingsbeskouing, wat bestaan uit die mensbeskouing, die doelstelling, die inhoud, metode en tug en administrasie en organisasie" 1).

2. In hierdie ondersoek gaan dit uitsluitlik om enkele grondstellinge van die wetenskaplik uitgeboude sosiologiese aspek van die Teoretiese Opvoedkunde: die Opvoedkundige Sosiologie, aan te toon.

3. Dit was noodsaaklik om die ontstaansgeskiedenis van die Opvoedkundige Sosiologie tot op hede in breë trekke na te gaan:

(a) om tot die aard, wese, taak en doelstelling daarvan te kom;

(b) om hierdie vertakking van die Sosiologiese wetenskap te sien as daardie vorm en soort van kennis wat 'n onontbeerlike bydrae lewer tot die „voller maak" van die lewenstoerusting van die aanstaande onderwyser; en

1) Van der Walt, J.P.: 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van die Opvoedkundige Sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool.

(c) om die aard van die onderwys en opvoeding ten opsigte van die mens- en kindbeskouing, die doel, die inhoud van die leerstof, die metode en tug en die administrasie en organisasie: d.i. die wese van die opvoeding aan te dui.

In hierdie verhandeling is die inhoud van die hoofstukke kortliks as volg:

HOOFSTUK I. Die opkoms van die moderne Opvoedkundige Sosio-logie.

HOOFSTUK II. Die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid en roeping en die sosiale prosesse wat die vorming van die wordende persoonsroeping en groepe beïnvloed.

HOOFSTUK III. In die raam van die universaliteit van die pedagogiese werksaamheid is daar op die opvoedkundige lewensterrein veral die huisgesin, die kerk en die staat wat in meerdere of mindere mate 'n bydrae tot die opvoedingsproses lewer hoewel hulle volgens hulle onderskeie aard en roeping nie deur die opvoedkundige funksie gekwalifiseer word nie.

HOOFSTUK IV. Aanvullend en afrondend by veral die gesinsopvoeding staan die verskillend gearde samelewingsvorm: die skool, wat volgens sy oorsprong, aard, wese en bestemming gekwalifiseer word deur onderwys en opvoeding. M.a.w. die skool het tot taak en roeping hierdie kwalifiserende funksie op die opvoedkundige lewensterrein: die skool in wisselwerking met die samelewingstotaliteit.

HOOFSTUK V. Die faktor van gesag is fundamenteel by onderwys en opvoeding. Dit hoort onafskeidbaar by die wese van die opvoedingsproses.

HOOFSTUK VI. Samevattende slotbeskouing.